# 6 Maart 2024 - Lesing 254 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

God se hulp in die eindtyd - Voorloper – 17/1/62

**NO: 8081** Die mense op aarde verander nie meer nie en daar is **geen geestelike ontwikkeling** meer te bespeur nie.

Slegs enkeles sal nog die weg na My toe vind en wat die wil het om aan die doel van hulle aardse lewens te beantwoord. Wat van My kant af nog sal geskied om die getal van laasgenoemdes te vergroot, sal waarlik gebeur en My Liefde sal ook nog middele en weë vind **wat die harte van enkeles sal beroer**, sodat hulle hulself sal oopstel sonder innerlike weerstand en **My Woord sal aanneem.**

Maar daar is nie veel nie en daarom kan gerus gesê word dat die tyd vervul is. Want die geestelike vlak van die mensdom bepaal self die einde en dit het so gedaal, dat daar nie meer aan 'n verandering van die mensdom te dinke is nie.

My teenstander het die mag oor die geestelike gewen wat as mense beliggaam, die laaste weg oor die aarde moet gaan. Hy werk op volledige negatiewe wyse op hulle in wat hom onderhorig is en sy wil opvolg. Diesulkes het dus alreeds hulle laaste wilsbesluit geneem en kies self weer die ryk van die duisternis. **Hulle keer na die materie toe terug, waaraan hulle op aarde onderworpe was** en waarvan hulle hulself nie kon losmaak nie. Die materie sal daarom hierdie die siele weer opeis.

Maar tot die laaste toe gee Ek die mense nog geleentheid om hulself tot hulle God en Skepper te wend. Want die standvastigheid van Myne sou hulle denke nog kon keer en in hulle vrae kan laat opkom wat Ek Self vir hulle sou kon beantwoord, **omdat Ek elke siel wil red teen die hernude kluistering**, - teen 'n herhaalde gang deur die skeppings van die Nuwe Aarde.

My Gees sal so duidelik by Myne wees dat die ongelowiges ook verbaas sal staan. Ek Self sal My aan hulle openbaar deur **die sigbare hulp** wat Ek aan Myne verleen en die ongelowiges sou ook kon glo, as hulle hulself wil vrymaak van My teenstander wat hulle gevange hou.

Want deur die geringste gedagte wat hulle na My sou opstuur, sal Ek hulle nog vasgryp en hulle nie meer loslaat nie. Ek sal My ook nog in die laaste uur laat vind, waar die wil daar sal wees om My te aanvaar.

Myne sal egter besef hoe gekluister die teenstander die mense vashou. Myne sal wel blootgestel wees aan sy aanvalle, maar My krag sal hulle sigbaar ter syde staan. **Ek sal hulle Self in die stryd bystaan en hulle sal as oorwinnaars tevoorskyn kom**.

Want waarlik, My krag is sterker as syne en **die lig wat uit julle straal** sal hom teenstraal en hy sal vlug, omdat hy My Self daarin herken.

En sodat Myne sterk kan bly, daarom sal hulle daadkragtige ondersteuning ervaar.

**Ek sal Self in die Woord by hulle wees** en Ek sal aan hulle ligdraers stuur wat so helder sal straal, dat hulle alle skaduwees sal verjaag en ook die vyande sal afweer wat Myne in die noute wil dryf.

Ek sal die mense met My (geestelike) teenwoordigheid verbly en hulle versterk in hulle stryd teen die vyand. **Enkele mense sal My kan aanskou** en groot krag daaruit put, sodat hulle hierdie krag ook op hulle broers en susters sal kan oordra.

En dan sal julle ook hoor van iemand wat My Koms sal aankondig, wat weer as **'Roepende in die woestyn'** sal verskyn en wie se "Lig" julle almal sal verlig en wat julle ook as **My Voorloper** sal herken gedurende die tyd van die einde.

Ek laat julle wat van My is en wil bly, nie in liggaamlike en geestelike nood agter nie. Julle is waarlik nie eensaam en verlate nie, al sal dit op aarde so lyk. Ek sal Self by julle wees en julle sal ook van My teenwoordigheid bewus word en met 'n onwankelbare geloof in My, **My Koms besit**, op die dag van die oordeel.

En terwille van Myne **sal Ek die dae verkort**, sodat hulle kan standhou tot die einde toe, want daar is geen ommekeer meer op die aarde moontlik nie.

Maar daar moet weer 'n omkering plaasvind, want die aarde moet weer in diens staan van die opwaartse ontwikkeling en die geestelike wat gefaal het in hulle laaste wilsbeproewing **moet opnuut gekluister word**. Amein.